

Lekkerbekkie Nuusbrief

18 JUNIE 2014 | UITGAWE 61



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Bo in die boom
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Bo in die boom deur Anna Emm

Daar staan 'n groot ou boom met 'n dik stam op die sypaadjie. Die dogtertjie klim tot bo in die boom. Nou kan sy baie ver sien. Daar is baie dinge om te sien wanneer 'n mens bo in die boom sit.

Maar wat sien die dogtertjie nou? Twee klein muisies kom al met die sypaadjie langs geskarrel. Maar dis nie gewone muisies nie – hulle het pienk rompies aan en klokkes aan hulle sterte! Hulle lyk baie haastig en verskrik. “Wat gaan ons maak?” roep hulle benoud uit. “Daar is 'n groot leeu met 'n harde brul agter ons aan! Ons moet 'n wegkruipplek vind – en gou!”

“Julle kan hier langs my kom sit,” sê die dogtertjie. “Hier bo in die boom. Hier sal die leeu julle nie kan vang nie.”

Vinnig help die dogtertjie die muise om tot bo in die boom te klim. Skaars het hulle gesit, of nog 'n vreemde ding gebeur! 'n Robot-man waggel al met die sypaadjie langs tot onder die boom. Hy kyk op en sien die dogtertjie op die tak. “Kan ek dalk ook daar by julle kom sit?” vra hy benoud. “Hier is 'n groot leeu met 'n harde brul in die strate, en ek wil nie dat hy my vang nie.”

Nou help die dogtertjie en die muise die robot-man tot op die tak, en skaars het hulle gesit, of nóg 'n vreemde ding gebeur! Vier duiwe kom aangefladder en kom sit langs die dogtertjie en die muise en die robot-man op die tak. Hulle sê: “Julle gee nie om as ons hier by julle kom skuil nie, né? Ons hoor daar is 'n groot leeu met 'n harde brul in die dorp, en ons is bang hy vang ons!”

Dis nou baie beknop op die tak. Almal sit styf teen mekaar. Hulle sit doodstil en loer deur die takke. Daar is baie dinge om te sien wanneer 'n mens bo in die boom sit. En ook nie te lank nie, of die groot leeu met die harde brul kom stadig, stadig onder die boom verbygestap. Hy swaai sy stert lui, en gaan lê in die gras om te slaap – reg onder die boom! “Wat gaan ons nou doen?” vra die muise benoud. “As die leeu hier lê en slaap kan ons mos nie weer uit nie!”

Net toe sien hulle nóg 'n vreemde ding. 'n Man met 'n blink pak klere en lang tou in sy hand, kom na die leeu toe gestap. Hy het 'n groot snor, en dra 'n hoë hoed op sy kop.

“O hier is jy, jou stoutert!” sê hy vir die leeu. “Ons soek jou orals.” Hy sit die tou om die leeu se nek. Die leeu staan op, en begin saam met die man weg te stap. Die man kyk op en sien die dogtertjie in die boom sit. “Dankie dat jy ons leeu opgepas het!” roep hy. “Dis nou tyd vir sy toertjie by die sirkus, en hy moet terugkom.” Die man sien die muise en die robot-man en die duiwe bo in die boom, en hy roep: “En julle klomp moet ook terugkom sirkus toe! Dis al laat, en mens weet nooit wat alles met julle kan gebeur daar bo in die boom nie.”

“Ja,” lag die dogtertjie. “Mens weet nooit!” Dan klim sy ook uit, en gaan huis toe om vir haar mamma alles te gaan vertel.

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Bo in die boom illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za